

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
25 September 1976

Onderwerp: Die tuin om die graf
Begrafnis

Lees: Johannes 14 verse 1 tot 3
Johannes 19 verse 38 tot 42

Teks: Johannes 19 vers 41

Sing: Psalm 23 verse 1 en 2
Gesang 21 vers 4
Gesang 7 vers 4

“Die HERE het deur die profeet Jesaja gesê: ‘Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie’. (Jes 55:8)

“Ons ondervind die diepe geheimenis van hierdie woorde maar altyd weer in ons eie lewens. Daar is aan die een kant die afgeleefde grysaard wat saam met die Apostel Paulus sê: ‘... ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste’. (Fil 1:23) En tog bly die dood uit.

“Dan is daar aan die anderkant ’n jong moeder, ’n vreugde en besieling in die huis; só onmisbaar vir die gesin. En tog kom die HERE en neem haar weg deur die dood.

“Dan kom daar vrae in ons hart op. Waarom handel God so? Waarom moes hierdie jong moeder sterf en nie die grysaard nie? Daar is maar net een antwoord: ‘... my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie’. Laat dit ook in hierdie tyd u troos wees, geliefdes. Mag u genade vind om soos Job te sê, daardie dag toe hy alles verloor het: ‘Die HERE het gegee, en die HERE het geneem: die Naam van die HERE sy geloofd!’ (Prys die Naam van die HERE) (Job 1:21)

“By die Jode was dit die gebruik, ook in Jesus se tyd, om grafte in rotse uit te kap. Dit het meëgebring dat grafte lank voor die tyd in gereedheid gebring moes word. Dit het waarskynlik aanleiding gegee tot die aanlê van tuine rondom hierdie grafte.

“Ons teks vertel van so ’n tuin wat aangelê was om ’n graf, wat eintlik vir Josef van Arimathéa bedoel was, maar waarin Jesus sy laaste rusplek gevind het: ‘En daar was op die plek waar Hy gekruisig is, ’n tuin, en in

die tuin 'n nuwe graf waar nog nooit iemand in neergelê was nie.' (Joh 19:41)

"Op baie plekke in God se Woord word die huisgesin met 'n tuin vergelyk. Die Psalmdigter belowe aan die Godvresende huisgesin: 'jou kinders soos olyfboompies rondom jou tafel.' (Ps 128:3) Dawid bid: '... sodat ons seuns soos plante mag wees wat opgekweek is in hulle jeug'. (Ps 144:12)

"Ja, ons huisgesin is ons lewenstuin. Daar adem ons die blommegeur van liefde. Daar klink die stemme van kinders en ouers soos voëlgesang. Daar in die koelte van die bome vind elkeen 'n tuiste en rus na die dag se taak.

"Hoe jammer, dat in hierdie tuin, soos in die tuin van Josef van Arimathéa, daar ook dikwels 'n nuutgedolwe graf is.

"Die dood bly soms lank uit, maar ons kan die dood nie vir altyd ontwyk nie. Ten spyte van al die prestasies van die mens, het hy nog nie raad met die dood nie. Dit bly die laaste vyand wat nog oorwin moet word. Die Skrifwoord geld nog: 'Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood.' (1 Kor 15:26)

"Die beste geneesmiddel, die simpatiekste behandeling en die vurigste gebed kan die dood nie keer nie. Die plek en datum van ons sterfuur is reeds lank vooruit bepaal, soos ook vir haar, 'n eggenoot en moeder. Daar kom een of ander tyd 'n graf in elke lewenstuin. Dit is vandag vir u en vir ander môre.

"U huisgesin was só 'n tuin. Dit was 'n tuin waarin die geure van liefde, sonskyn en geluk ondervind is. Maar nou het daar 'n nuwe graf in die tuin gekom. Die woorde van ons teks het vir u waar geword. En ons hart gaan op hierdie dag in die besonder uit na u.

"Waarom is daar 'n tuin rondom grafte aangelê? Die antwoord is voor die hand liggend. Die doel was om versagtend in te werk en die harde werklikheid van die dood ietwat te temper. Terwyl trane, smart en rou by die graf gevloei het, moes die soete geure van die blomme lafenis gebring het. Terwyl daar innerlik verskeurdheid, onrus en miskien selfs storms in die gemoed gewoed het, moes die stilte van die tuin vrede en kalmte in die hart gebring het.

"God wil u troos deur sy Woord. Só sorg God, ons hemelse Vader, dat daar rondom die dood en die graf, tog die dinge is wat die leed versag en help om dit draaglik te maak.

"Daar is die rose van herinnering wat rondom die graf van ons dierbare groei: die onvergeetlike lewe van

'n moeder en haar innige teerheid. Die herinnering aan hierdie dienende Martha sal vir u 'n soet druppel in die bitter beker wees. Laat dit u troos.

“Daar is ook die lelie van hoop. Dit is heerlik om te weet dat Jesus se weg ook deur die graf gegaan het. Hy het saam met Martha en Maria by die graf van Lasarus geween. Maar Jesus het uit die graf opgestaan. Hy het die dood oorwin. Hy het opgestaan tot 'n nuwe lewe. Dit is die nuwe lewe wat ons deel is wat met Jesus geleef het en in Christus Jesus gesterf het. Dit is ons hoop. Daarom treur ons nie by die graf soos mense wat geen hoop het nie: ‘Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie.’ (1 Thes 4:13) Nee, ons kan oor die graf heenkyk in hoopvolle verwagting om mekaar weer hierna te sien.

“God die Heilige Gees wil u troos en by u wees in u smarte. Die HERE is naby dié wat gebroke van hart is. Mag u waarlik ondervind dat daar rondom hierdie graf 'n tuin is.

“Daar sal eendag 'n tuin wees waarin geen graf meer sal wees nie. In die boek Openbaring skryf Johannes: ‘En hy het my getoon 'n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam. In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf *maal* vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies. En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van God en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien. En hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees. En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.’ (Openb 22:1-5)

“In hierdie tuin sal daar geen graf wees nie, want só staan daar geskryf: ‘En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.’ (Openb 21:4)

“Die harde roepstem van die dood wil ons daaraan herinner dat ons hier vreemdelinge en bywoners is. Hierdie roepstem wil ons harte na bo rig, na die Hemel waar ons burgerskap is, na die tuin waar geen graf sal wees nie.

“Dié hoop, bring in ons leed versagting
“Kom, reisgenoot, die hoof omhoog
“Daar is die vreemdelingskap vergete
“Daar is ons in die Vaderland.’ (Gesang 189:6)
“Amen.”